**GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS: DISTRIK D7 & D16**
**MEMORANDUM**
**AFRIKAANS HUISTAAL GRAAD 10**
**JUNIE 2017**

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### Nasien van die leesbegrip

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word gepenaliseer.as dit die betekenis van die woord verander.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is,
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir Ja/ NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek nie
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op die een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word slegs die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde nog sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

## VRAE: TEKS A

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | | |
| | 1.1.1 Alliterasie van die w-klank | (1) |
| | 1.1.2 Die nuus oor Mej.Suid-Afrika en Hillary Clinton is wolhaarnuus Dit is nie waar nie. | (1) |
| | 1.1.3 fopnuus/ valsnuus/bognuus | (3) |
| | | |
| 1.2 | Dit betrek die leser. | (1) |
| | | |
| 1.3 | Dit is nie regte/ware nuus nie. Dit is wolhaarstories/fopnuus/valsnuus/bognuus | (1) |
| | | |
| 1.4 | Mense wat hulle teenstanders wil vernietig. Kuberkonkelaars wat ryker wil | (4) |

| | | |
|---|---|---|
| | word. Webtuistes kry advertensiegeld. Mense met politieke oogmerke. | |
| | | |
| 1.5 | Munt slaan – voordeel trek. Goedgelowig – glo maklik, sonder om krities te dink/ bevraagteken niks nie. | |
| | | (2) |
| | | |
| 1.6 | Deur typosquatting kan jy maklik op ‘n webtuiste met vals nuus beland. Dit is wanneer iemand ‘n domeinnaam registreer wat amper dieselfde is as die bestaande domeinnaam. | (1) |
| | | |
| 1.7 | Die 20 gewildste vals verkiesingstories is meer op Facebook gedeel as egte verkiesingstories. Die meeste vals strories was pro-Trump en anti-Hillary. | (2) |
| | | |
| 1.8 | Die ware Jakop | (1) |
| | | |
| 1.9 | Mening. Die woordjie **kan** dui op ‘n moontlikheid. Dit is nog nie ‘n uitgemaakte saak dat dit ‘n invloed sal hê nie. | |
| | | (2) |
| | | |
| 1.10 | ‘n Persoon wat nie die geskikste is vir die pos nie, kan verkies word. Die beste leier word nie verkies nie. ‘n Verantwoordelike leier behoort altyd die ware feite te gee/ nie mense te bedrieg nie./ As die leier lieg, aanvaar sy volgelinge die leuens as die waarheid. | (2) |
| | | |
| 1.11 | Hulle glo hulle kan hulle vriende se menings vertrou.<br>Dit pas by hulle manier van dink.<br>Dit pas by hulle vooropgestelde idees.<br>Hulle deel inligting wat hulle self graag wil hoor. | (3) |
| | | |
| **VRAE:** | **TEKS B** | |
| | | |
| 1.12 | Donald Trump | (1) |
| | | |
| 1.13 | Albei verwys na die vals nuusstorie oor Mej.Suid-Afrika | (1) |
| | | |
| 1.14 | Ja Mense volg leiers soos skape sonder om kritiese vrae te vra./ Dit sluit aan by die verwysing na wolwe. Vlugtelinge word gelyk gestel aan wolwe wat die skape(mense) se veiligheid bedreig./ Sluit aan by fabels/storie<br><br>Nee Mense is nie skape nie. Hulle kan vir hulleself dink, menings vorm | (1) |
| 1.15 | In raampie 2 is daar voëltjies geteken wat daarop dui dat die man op Twitter besig is om te twiet. | (1) |
| | | |
| 1.16 | Die mense se lyftaal wys hulle is moedeloos/ hulle koppe hang/ Die man hou sy hand voor sy oë/ die gekrabbel by hulle koppe | (1) |
| | | |
| 1.17 | Hy noem dit alternatiewe feite | (1) |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

### Nasien van die opsomming

- Opskrif/Titel : Daar word nie van die kandidate verwag om die opsomming van 'n titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hulle eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk, beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken
  7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
  3 punte vir taal
  Puntetotaal:10
  Verspreiding van punte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  1 - 3 feite korrek: ken 1 punt toe
  4 - 5 feite korrek: ken 2 punte toe
  6 - 7 feite korrek: ken 3 punte toe

  Verspreiding van punte wanneer die kandidaat woordeliks aangehaal het:
  6 – 7 direkte aanhalings : ken geen taalpunte toe nie.
  1 – 5 direkte aanhalings : ken 1 punt vir taal toe.

- Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
- Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die aantal woorde aangedui het nie, of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
- Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde en die einde van die sin. Ignoreer die res van die opsomming.
- Korter opsommings wat die vereiste feite bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording hê:

| |
|---|
| Ouers moet hulle kinders leer dat hulle enigiets kan doen. Ouers moet nie hulle kinders heeltyd oppas of vlei nie. Ouers moet hulle toelaat om te droom en te fantaseer. Kinders moet aangemoedig word om goed op skool te vaar. Kinders moenie in 'n sekere rigting gedwing word nie. Ouers kan deur stories hulle kinders bewus maak van aktiviste se bydrae. Ouers kan hulle kinders 'n voorsprong gee deur hulle dieselfde waardes te leer wat in hulle kinderjare die norm was. Kinders moet geleer word om geduldig te wees.<br>**89 woorde** |

**OF**

| | **AANHALINGS UIT DIE TEKS** | | **MOONTLIKE BEWOORDING** |
|---|---|---|---|
| 1 | *Ouers moet jongmense laat voel hulle kan* enigiets vermag | 1 | Ouers moet hulle kinders leer dat hulle enigiets kan doen |
| 2 | heeltyd oor jou kind se kop hang en hul doen en late dophou of hulle voordurend vertel hoe oulik hulle is nie | 2 | Ouers moet nie hulle kinders heeltyd oppas of vlei nie. |
| 3 | "Laat jou kind toe om te droom, Fantaseer saam", sê Nadia. | 3 | Ouers moet hulle toelaat om te droom en te fantaseer. |
| 4 | "Moedig hulle aan om goed te vaar op skool sodat hulle hul doel kan bereik." | 4 | Kinders moet aangemoedig word om goed op skool te vaar |
| 5 | Ouers moet hul kinders nie in 'n sekere rigting dwing nie | 5 | Moenie kinders dwing om 'n sekere beroep te beoefen nie. |
| 6 | Ouers kan help om hulle bewus te maak van die oorwinnings en die mislukkings van ander bekende aktiviste. Die wat nie self polities aktief is nie, kan mense in hul gemeenskap opsoek wat sulke bemoedigende stories vir hulle kinders kan vertel, | 6 | Ouers kan deur stories vir hulle kinders te vertel, hulle bewus maak van aktiviste se bydrae. |
| 7 | Die dinge wat in hul ouers se kinderjare as die norm beskou is, kan generasie Z 'n voorsprong gee as hulle oor daardie eienskappe beskik. | 7 | Ouers kan hulle kinders 'n voorsprong gee deur hulle dieselfde waardes te leer wat in hulle kinderjare die norm was. |
| 8 | Ouers moet hulle kinders geduld leer,en dat nie alles in die lewe so vinnig gebeur nie | 8 | Kinders moet geleer word om geduldig te wees. |
| | | | **Getal woorde: 89** |

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling
  - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is. Indien die spelling van die bepaalde woord korrek moet wees, word die spelling verkeerd gemerk al word die antwoord in 'n sin aangebied.
  -

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| VRAE: | TEKS D | |
|---|---|---|
| | | |
| 3.1 | diftong | (1) |
| | | |
| 3.2 | Moenie jou gesondheid 'n groot guns bewys **nie**. | (1) |
| | | |
| 3.3 | Ek werk baie **hard**. | (1) |
| | | |
| 3.4 | Dit vorm die verkleining | (1) |
| | | |
| 3.5 | Dit is geslaagd want dit verwys na verskillende vleissoorte. Witvleis is hoender en rooivleis is bees en skaap. Daar word na volstruis as blou verwys.<br>Nee Want kleur het niks met die soort vleis te doen nie. | (1) |
| | | |
| 3.6 | Die uitdrukking beteken jy moet jou gereedmaak vir die fees. Die KKNK is bekend vir die volstruise wat in die omgewing is. (Ander moontlike motiverings) | (1) |
| | | |
| 3.7 | Blou bloed dui op koninklikheid. Volstruisvleis is die beste. | (1) |
| | | |
| 3.8 | Volmaak, vollewe, volskop, volledig, volkome<br>OF<br>Bewys jou gesondheid 'n groot guns | (1) |
| | | |
| 3.9 | diëte | (1) |
| | | |
| 3.10 | | |
| | Ek stel belang in 'n dieet **wat uit net vleis bestaan**. (Enige byvoeglike bysin wat dieet beskryf.) | (1) |
| | | [10] |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| **VRAE:** | **TEKS E** | |
|---|---|---|
| | | |
| 4.1 | [be – ko- merd] *Hakies is opsioneel.* | (1) |
| | | |
| 4.2 | Hóékom | (1) |
| | | |
| 4.3 | oor | (1) |
| | | |
| 4.4 | Vertel my hoekom,Hägar. (komma) | (1) |
| | | |
| 4.5 | koppelwerkwoord | (1) |
| | | |
| 4.6 | as jy dit eers het | (1) |
| | | |
| 4.7 | byvoeglike naamwoord | (1) |
| | | |
| 4.8 | lê | (1) |
| | | |
| 4.9 | om te sien / om beskaafd te wees | (1) |
| | | |
| 4.10 | Hulle laat altyd hulle pasiënte wag/ Mens moet altyd vir die dokter wag | (1) |
| | | [10] |

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer TEKS F en beantwoord die vrae wat volg.

| VRAE: | TEKS F | |
|---|---|---|
| | | |
| 5.1 | ervaring | (1) |
| | | |
| 5.2 | kommas/hakies | (1) |
| | | |
| 5.3 | Derek sê dat huiskatte net kleiner en natuurlik makker is. | (1) |
| | | |
| 5.4 | besitlike voornaamwoord | (1) |
| | | |
| 5.5 | kilogram | (1) |
| | | |
| 5.6 | Wilde katte soos leeus en luiperds. | (1) |
| | | |
| 5.7 | Ek merk dat jou werk nie klaar is nie. | (1) |
| | | |
| 5.8 | ruik | (1) |
| | | |
| 5.9 | onaktief/ passief | (1) |
| | | |
| 5.10 | assimilasie | (1) |
| | | [10 ] |

TOTAAL AFDELING C : 30
GROOTTOTAAL : 70